Sol-Tech se verwelkomingsdag was ’n vriendelike verrassing

Charl Oberholzer, 3 Februarie 2010

Dis die 1ste Februarie, 9:00 die oggend en studente stroom in by Sol-Tech se Booysens-kampus in Pretoria-Wes. Met die inry sien mens onmiddellik die nuwe Sol-Tech-gebou wat aan die oorkant pronk en vol verwagting staan en wag terwyl die bouers ewe nederig belowe die gebou gaan teen die einde van die week klaar wees. Die eerste skok is die hoeveelheid mense wat teenwoordig is – ongeveer 300 studente en hier en daar ’n ouer.

Elbie Liebenberg, hoof van Sol-Tech, het afgeskop met die verwelkoming en toe vir ds. Andre Thomas gevra om te open met skriflesing en gebed. Weereens laat Sol-Tech ’n warm gevoel van trots – ’n Afrikaans en Christelike opleidingskollege. Mens voel sommer tuis!

Daarna het Elbie Liebenberg weer die studente toegespreek en die klem geplaas op die voorreg wat dit is om ’n geleentheid te kry by ’n kwaliteit tersiêre instelling soos Sol-Tech. Sy het ook verduidelik dat Sol-Tech in ’n gebalanseerde studentelewe glo. Die akademie en sport, asook die sosiale en natuurlik geestelike verryking is van die belangrikste aspekte in Sol-Tech-studente se opleiding.

Verder is administratiewe reëlings, dissiplinêre prosedures en algemene inligting met die studente gedeel. Die studente het opgewonde gelyk – selfs meer as gewoonlik. Dalk was dit die Sol-Tech-rugbyproewe wat daardie aand sou plaasvind, maar hopelik was dit ook die besef dat mens ’n geleentheid het om iets van jouself te maak.

Die dag was sonder twyfel ’n sukses. Met die uitloop vertel ’n paar studente hoekom hulle Sol-Tech gekies het. “Ek het gehoor die plek is goed, en ek wil met my hande werk en ’n ambag leer,” sê die een, terwyl die ander een net sê: “Afrikaans en Christenskap.” Tot die pa van ’n student het vertel hoe in sy noppies hy met Sol-Tech is: “Professioneel en in Afrikaans – waar sal mens nou anders jou kind wil stuur?”

Sol-Tech bereik konstant nuwe hoogtes en mens besef nie aldag hoeveel jongmense van hierdie kollege afhanklik is nie. Ook nie hoe graag jongmense ’n positiewe rol in die ekonomie van Suid-Afrika wil speel deur skaars vaardighede aan te leer nie. Die hele Solidariteit wens elke eerstejaarstudent sterkte toe vir die jaar wat voorlê!